
DIE LOUWTJIE
Skoolkoerant van die Laerskool Louw Geldenhuys
Vierde kwartaal 2023

# Heel eerste graad R-gradeplegtigheid - nou's dié maats reg vir die 'groot skool'



**Elza Engelbrecht**

Met 'n swart toga aan, tosselhoedjies op die kop en liggies in die hand, het Louwtjies se graad R-leerders 1 November by 'n rooitapyt in die skoolsaal afgestap om amptelik die kleuterskool te groet.

Die graad R-gradeplegtigheid was nie net 'n geleentheid om die graad R'e se harde werk te vier nie, maar ook om die skool se kleinste maatjies by die 'groot skool' te verwelkom.

"Dit was die eerste keer wat ons 'n gradeplegtigheid gehou het en dit was vir ons belangrik omdat dit 'n manier is om vir die kinders erkenning te gee vir die afsluiting van hulle informele skooljare," sê **juffrou Emelia Langedyk**, die graad R-hoof.

Elke kind se ouers het voor die gradeplegtigheid 'n spesiale wens vir hul spruit neergeskryf.

"Dit was 'n baie spesiale ervaring, want so te sê elke ouer het vir hulle kind toegewens: wees wie jy is; hou jou oë op God; bly altyd 'n gelukkige kind en hou aan om in jouself te glo."

Dié wens is deur die leerder se onderwyser voorgelees toe hulle hul graad R-sertifikaat op die verhoog ontvang het.

'




> "Elke graad R-maatjie was in 2023 soos 'n unieke stukkie van die graad R-legkaart," sê juffrou Emelia. "Sonder daai stukkie, sou ons nie die groep gehad wat ons nou het nie. Hulle het hulle bes met alles gegee en elke geleentheid aangegryp."

'n Konsert met die tema *Speelkamer* is ook tydens die gradeplegtigheid gehou. Elke klas het 'n liedjie gesing en gedans.

Daar was sterk soldate, pragtige Barbies, dansende feëtjies, vinnige karretjies en brawe *cowboys* in die konsert.

"Ek was baie opgewonde en trots oor die gradeplegtigheid. Ons het baie hard geoefen én mnr. Bensch was daar," sê **Carla Pienaar**, in graad R.

"Ek was nie skaam nie, want ek het heeltyd vir juffrou Emelia gekyk."

**Jacobus Bekker**, ook in graad R, sê sy senuwees knaag soms:

"Ek voel goed oor die gradeplegtigheid. Dit was so 60% lekker en 40% nié lekker nie, want partykeer raak ek skaam."

Dit is vir hom lekker by Louwtjies omdat die onnies so oulik is.

"Ek gaan my juffrou, Stephanie Liebenberg, mis, maar ek sien daarna uit om beter te leer skryf en baie te lees volgende jaar."

Die konsert was vir hom die lekkerste ding wat hulle vanjaar gedoen het.

"Ek gee dit 9 of 10 uit 10."

Die konsert is tydens 'n saalbyeenkoms vir die hele laerskool opgevoer.

Die graad 7's onthou Louwtjies: Bl.3

Wenke vir groot koebaais: Bl. 9

# Ons onnies, ons superhelde

Baie dankie aan elke onderwyser wat vanjaar met hart en siel by Louwtjies skoolgehou het en ook aan elke ander personeellid by die skool. Die graad 1-onderwysers het dié vrolike mantels tydens vanjaar se Kuierdag gedra.





## Uit die hoof se kantoor

Oumense praat altyd van die goeie ou dae en dan vertel hulle graag stories van belewenisse wat hulle gehad het.
Hierdie jaar het ons ons eie stories geskryf. Ek wonder soms hoekom dit so maklik is om stories te onthou, maar wanneer ons vir eksamens moet leer, ons sukkel om alles te onthou. Ons kan super trots wees op al die prestasies van 2023. Op tradisies wat voortgesit is en op nuwe tradisies, soos die skoolkoerant. Ek dink met 'n glimlag terug aan elke Maandagoggend in die saal. Die kindergesiggies, moeg na die naweek se speel, wat eintlik net vinnig met 'n maatjie wou kuier.
In hierdie tye waarin ons leef is dit belangrik om te onthou hoe bevoorreg ons is om betrokke te wees by 'n skool soos Laerskool Louw Geldenhuys wat lief is vir elke kind.

Ons is super-trots op ons graad 7's. Ek weet hulle gaan sommer baie gelukkig wees in hul nuwe skole. Onthou: ons hou julle dop in die hoërskool en sal saam met julle feesvier oor jul suksesse.
Die graad 6-leerders van 2023, wat die graad 7's van 2024 is: julle kan baie uitsien na julle laaste laerskooljaar.
Die personeel wat so hard werk, en baie van hul persoonlike tyd opoffer, se beplanning vir volgende jaar is so te sê afgehandel. Dankie vir jul toewyding.
Ons is opgewonde oor die nuwe sport- en KDA klere. Ons sien ook baie uit na 'n revue-jaar en hoop elke kind sal deelneem.
Ek gun elke Louwtjie 'n geseënde Kerstyd – spesiale familietyd. Kom ons onthou dat ons Hemelse Vader ons hierdie jaar weer bo menslike verwagting geseën het.

## Wat dink jy van skoolreëls?

**Romé Pretorius**

Ons het Louwtjies twee vrae oor skoolreëls gevra: Watter skoolreëls is goed en nodig en watter reël maak nie vir jou sin nie?

**Janco Prinsloo, graad 4:**

✓ "Dat jy nie iemand aspris mag seer maak nie, want iemand kan baie seer kry."

✗ "Dat jy nie mag kontaksport speel tydens pouse nie. Daar is mos reëls in rugby.""

**Kara Morris, graad 1**

✓ "Dat jy nie te veel swieties mag eet nie, want dit is ongesond."

✗ "Dat jy nie mag kougom mag eet nie. Die kinders weet nou hulle moet dit weggooi en nie op dinge plak nie."

**Hanna-Sophia Reyneke graad 1**

✓ "Dat jy jou hand opsteek sodat juffrou nie kwaad raak oor die klas wat raas nie."

✗ "Dat die juniors nie eerste pouse mag swieties eet nie, want die seniors mag."

**Kyle Pinaar graad 7**

✓ "Moenie op die stoepe hardloop nie, want 'n juffrou gaan met jou raas."

✗ Dat jy nie in die klas mag eet nie, want dalk gaan jy dood van die hongerte."

## 'Die Louwtjie'-redaksie 2023



Romé Pretorius



Elza Engelbrecht



Anja Spangenberg



Surinel Buitendacht



Nicah Clark



Reinhardt de Jager



Schalk du Toit



Lize Gerber

Ons is baie trots op Louwtjies se heel eerste groep skooljoernaliste. Dankie vir julle harde werk (en julle ouers se ondersteuning!). – Riëtte van der Wat & juffrou Rosanne Ford

WISKUNDE & ENGELS by Dr Nettie de Jongh se Linden studiesentrum



KUMON
011-888- 7359 / 060 605 1449

# 'Dít sal ek altyd onthou'

As jy in graad R by Louwtjies aankom, begin jy met 'n skoon bladsy. Wanneer jy in graad 7 by die skoolhek uitstap, is jou dagboek vol herinneringe geskryf. So paar graad 7's het hulle laerskoolherinneringe met **Romé Pretorius** gedeel.



"Een van my beste herinneringe was toe ek in graad 1 in juffrou Suzanne se klas was en sy vir ons stories gelees het. Ek het baie van die klimrame gehou en om saam met my maats te speel ons was *spies*. Een van die lekkerste goed van hierdie jaar was dat die graad 7's op stoele in die saal mag sit."

**Mienke Gerber**



"Die revue in my graad 2-jaar, in 2018, was baie lekker. As 'n graad 2 was dit vreeslik lekker om saam met my vriende speletjies te speel voor opvoerings. Ons het baie min skoolgegaan, omdat ons so baie geoefen het. Volgende jaar gaan ek dit mis om elke dag my groot groep vriende te sien - ons sal kontak behou, al gaan ons na verskillende skole toe."

**Sean Viviers**



"Ek het die skooltoere geniet, want ek kon my vriende beter leer ken en nuwe vriende maak. Ek het ook baie van mnr. Jaco gehou, want hy het my gehelp met hokkie en hy het ons na NW-klasse laat uitsien.
Die sokkies vanjaar was baie lekker."

**Juno Bunce**

## Stroopsoet-afskeid

Die graad 7-afskeid was 'n kleurvolle, prettige aand. Die tema was "Candyland" en die kreatiewe uitnodigings was suigstokkies. Die geleentheid is deur die graad 6'e aaangebied. **Janu Erasmus** sê dit was lekker om vir die tweede keer in sy lewe met 'n meisie te dans. **Emily Loubser** en haar vriende het pap balonne rondgegooi.



"Ek het baie van hierdie jaar die se George-rugbytoer gehou. En by ons rugby-afskeid het ons in trollies rondgery en toe het 'n veiligheidswag ons by die skool rondgejaag omdat ons te veel lawaai gemaak het."

**Willem Kruger**



"Ek sal altyd my ongelooflike hokkiespan onthou en al die wedstryde wat ons al gespeel het. En ons beste afrigter natuurlik. Ek sal ook nooit my vriende vergeet wat elke pouse saam met my gespeel en huiswerk gedoen het nie."

**Anja Spangenberg**



"Ek sal altyd onthou hoe ek op die laaste aand van die graad 7-toer wakker geword het van 'n geskree. Almal was bang vir 'n leeu, maar dit was eintlik die onderwysers wat ons ge-*prank* het. Dit was lekker om in graad 2 in juffrou Carol se klas te speel en grappies te maak."

**Danru Pretorius**

"Verlede jaar se water-kaskenades was vir my die lekkerste. Daar was meer *rides* as vorige jare en dit was lekker sonnig. Daar was ook lekker kosstalletjies."

**Ferdinand van Gass**

# Onnies se wyse raad oor hoërskool en die lewe


**Lize Gerber en Surinel Buitendacht**

So 'n paar onderwysers wat vanjaar vir die graad 7's skoolgehou het, het dié lewensraad vir die leerlinge wat volgende jaar hoërskool toe gaan:

**Juffrou Betsie Dietrechsen:** "Onthou om jouself te bly al gaan jy deur 'n moeilike tyd. En gee jou beste, want dit sal altyd goed genoeg wees. Moet jouself nie te ernstig opneem nie, jy gaan nog baie foute maak. Leer daaruit."

**Juffrou Esri Strauss:** "Moet nooit moed opgee nie al is iets moeilik. Jy moet vasbyt, want die lewe sal partykeer woes wees. Maak eerste ding in die oggend jou bed op, dit sal verseker dat jou dag reg verloop."

**Juffrou Tina Calitz:** "*Don't sweat the*




*small stuff and always read the instructions*. Geniet elke oomblik van die hoërskool, want voor jy weet is dit al verby."

**Mnr. JC Hulley:** "*Today is a good day to have a good day*! Dis taai daar buite, maar een slegte dag beteken nie jou lewe is sleg nie."

**Mnr. Jan van der Merwe:** "Geniet elke oomblik, vyf jaar vlieg vinnig verby. Geniet dit om nog 'n kind te wees terwyl jy kan. Hou altyd die blink kant bo!"

**Mnr. Martin Bensch:** "Moenie jouself jammer kry nie, werk liewer 'n bietjie harder."

**Juffrou Anri Coetser:** "Moenie probeer inpas nie; dit is nie die moeite werd nie. Kyk op na die berge, dit is waar jou hulp vandaan kom.

"Maak of jy mal is en doen alles máár behou die goeie."

**Mnr. PR Strauss:** "Jy is in die groot skool! Jou ma en pa gaan nie altyd jou hand vashou nie. Bou die beste herinneringe wat jy kan, want as jy jou oë uitvee, is jy in die grootmenswêreld en dan raak dinge 'n realiteit."

## Die dag toe mnr. PR 'n dassie gevang het

'n Dassie is nie 'n diertjie wat 'n mens in Linden verwag nie. **Pauli Nel**, 'n onderwyseres by Linden Akademie, die kleuterskool oorkant die straat van Louwtjies se sportvelde, het ook nie so gedink toe sy haar motor die oggend voor die skoolhek parkeer het nie. "Van die ander LA-personeel het vir my kom sê daar het nou net 'n groot rot onder in my kar geklim, maar ek het nie iets daarvan gedink nie," sê sy.

"Maar toe dit buitespeeltyd is, toe raak die kinders mal daar by die hek. Toe ons om die hoek loer, sit **dassie se kind** daar langs my kar, in die sonnetjie. Nou ja, vandaar af het ek en juffrou Ankia van der Merwe ons bés probeer om die dassie uit die kar te kry.

"Twee uur en vyftien minute het dit ons gevat. Ons het emmers water by die enjin ingegooi, ons het met die stok teen die enjin geslaan, teen die onderkant van die kar... al sulke dinge.

"Maar daai dassie was te slim. Dan klim hy uit en loer vir ons, net om weer voor onder die kar in te klim. Dan klim hy uiten gaan klim weer agter in. Vir twee ure het ek op my knieë vir die kar gesit en staar, want netnou hardloop hy weg en dan weet ons nie waar is hy nie; of ons dínk hy's in die kar, maar dan's hy dalk al weg. Ons wou die dassie met 'n tuinslang daar probeer uitjaag, maar LA se tuinslang was te kort."

"Uit nood het ons toe vir mnr. PR Strauss by die **Laerskool Louw Geldenhuys** gebel om te hoor of hy iemand met 'n langer tuinslang kan stuur. Maar mnr. PR sê toe hy nee, hy kom sommer self... al sou ons twee dit seker self kon regkry om die dassie daar uit te kry."

"Daar is mnr. PR en Fanie Jansen, LA se tuinwerker toe doenig by my kar. En ek sê heeltyd vir hulle, die dassie kán nie in die skool inhardloop nie, ons moet keer daar. Wraggies, toe is die outjie daar by die skool in. Hy hardloop om die hoek na die agterste klasse toe. Soos hy van vóór af kom, so kom die Ponie- en die Shongologo-klas kinders van ágter af en hulle ontmoet mekaar op die hoek van die gebou. Nou ja, een juffrou skree 'Hardloop!', 'n ander een spring op die tafel en die kinders is histeries. *Sports*...



Illustrasie: Ankia van der Merwe

"PR kry toe nou die dassie gevang in 'n vulllisdrom, met die idee om hom in 'n veld te gaan vrylaat. **En so is hy met dassie se kind Louwtjies toe**," sê juf. Pauli.

Mnr. PR en mnr. Jan van der Merwe het afgesit Emmarentiadam toe om die dassie daar vry te laat.

"Ons het so 20m van mnr. Jan se kar gestaan om die dassie in die veld vry te laat, maar toe ons die dassie laat gaan, het hy weggehardloop en onder mnr. Jan se kar ingespring.

"Ons glo hy is nou iewers in Fourways, waar mnr. Jan bly," sê mnr. PR.

"Ek het gelê soos ek lag, want daai was definitief 'n **kar-dassie,** wat baie van motors hou!"

# Oorlewingswenke vir 2024 se graad 7's

Die graad 6-leerders (en ouers) het vanjaar se graad 7's met 'n heerlike afskeid bederf in November. **Schalk du Toit** het daarom met sy mede-graad 7's gesels om oorlewingswenke vir graad 7 bymekaar te maak vir die graad sesse wat volgende jaar in hul spore volg,

1 Daar kom twee nuwe eksamenvakke by in graad 7, waarsku almal met wie *Die Louwtjie* (DL) gepraat het. Dit is Ekonomiese Bestuurswetenskappe (EBW) en Tegnologie (Teg).
Watter een van dié twee nuwe vakke is die moeilikste? Almal stem saam dis EBW, omdat daar so baie nuwe terminologie is om te leer.

2 Is daar 'n vak waaroor 'n graad 7 maar kan *chill*, wou DL weet. Niemand het eintlik saamgestem hieroor nie. Die logiese afleiding, is dat al jou graad 7-vakke ewe belangrik is.

3 Vir watter graad 7-onnie moet jy ligloop en wie is nie so kwaai soos hulle lyk nie, wou DL weet?
Trap fyn as dit by juf. Anri Coetser (Wiskunde) kom, sê baie graad 7's. Veral as jy nie jou 'Play!' of jou 'GDE' werk gedoen het nie...
Juffrou Esri Strauss (mnr. PR se sussie en die Afrikaans-juffrou), is glad nie so kwaai soos sy lyk nie, het twee derdes van die leerders met wie DL gepraat het, bevestig.



***"Geniet jou graad 7 jaar! Doen alles so goed as wat jy kan en geniet die jaar saam met jou maats - dis 'n spesiale een! En onthou, dis 'n voorreg om 'n Louwtjie te wees."***

**BERNARD DORLAND, GRAAD 7**



Die laaste belangrike raad is om seker te maak jou punte eindig op 'n positiewe balans, sodat jy toegelaat word om na die Gold Reef City-afsluiting toe gaan. Hier is so 'n paar maniere om dit reg te kry:

4 Alexander Britz, Ethan Thomas en Kyle Pienaar stel voor jy help die onderwysers met ekstra werkies, soos om hulle boeke te dra. Alexander voeg grappenderwys by dat jy hulle met vleitaal kan omkoop.

5 Lana Stoltz en Ferdinand van Gass reken die beste raad is om seker te maak die hele klas is op datum met hulle huiswerk (veral Wiskunde) en om aan te bied om ander leerders in die klas te help.

6 Ewan Griffioen sê dis belangrik om aan 'n klomp aktiwiteite deel te neem
.

7 Lucca Leipoldt gee baie volwasse raad, wat sommer van die begin van die jaar toegepas kan word: "Woon alle ekstra klasse by. Let op in die klas, want 60% is luister en 40% is studie."

TOP TIPS

## Raad om uit die moeilikheid te bly

8 Carli Conradie stel voor: "Doen jou huiswerk, bly stil in die klas en moenie iets mals doen wat jou in die moeilikheid kry nie."

9 Kyle Pienaar sê tong in die kies jy moet self jou huiswerkboek teken.
(Grappie... sorg maar dat jou ouers dit doen.)

10 Ane Kuhn gee baie wyse raad aan die meisies: "Doen wat vir jou gesê word. Maak seker jou romp is lank genoeg."

11 'n Dogter wat anoniem wil bly, sê: "Meisies: moenie kort broekies dra nie. Seuns: wees behulpsaam en bedagsaam."

12 Die heel belangrikste raad van almal met wie ons gepraat het?
**DOEN JOU HUISWERK!**

# Spel 'k.a.m.p.i.o.e.n.e'



*Mianke Slabbert en Mila Dannhauser.*

**Reinhardt de Jager**

Die Sanlam Woorde Open Wêrelde (WOW)-spelfees is die grootste spelkompetisie in die land. Die kompetisie word in al nege provinsies aangebied en die top-deelnemers neem tydens die Woordfees op Stellenbosch aan die finale spelkompetisie deel.

Twee Louwtjies het deurgedring na die finaal en moes op 9 Oktober by die Universiteit Stellenbosch (US) hul brein-woordeboeke raadpleeg om woorde voor 'n gehoor en beoordelaars te spel.

LLG se **Mila Dannhauser**, in graad 4, het die vierde plek behaal en **Mianke Slabbert**, in graad 6, die sesde plek.

Wat was die moeilikste woorde wat julle moes spel by WOW?
Mila: Laringitis
Mianke: Mayonnaise

Mila sê sy het aan die spelkompetisie begin deelneem om haar spelling te verbeter. Vir Mianke was dit 'n kans om haar eie spelling op te skerp. "My spelling was aaklig voor ek begin deelneem het en ek het gedink dis 'n geleentheid om dit te verbeter."

Mila het probeer kalm bly tydens die kompetisie se eindrondte, maar sy het 'n bietjie gestres: "Dit is nogal moeilik om voor so baie mense te spel!"

Dit was vir Mianke ook senutergend, maar sy sê die ervaring was baie lekker: "En die pryse is glad nie sleg nie."

Albei wil weer volgende jaar aan die kompetisie deelneem.

"Dit verbeter jou spelling en Stellenbosch is so 'n mooi dorp," sê Mila. "Ek sal net volgende jaar vroeër begin leer aan die woordelyste van die ouer grade."

## Graad 7-kuns



Leyla Labuschagne



Lucca Leipoldt




***Stefan Basson het die vyfde plek behaal by die Gautengse Wiskunde-olimpiade.***



**DogHeaven / HondeHemel**
**LOVING AND CARING PETSITTER**

I AM A SENIOR CITIZEN WHO IS ABLE TO LOOK AFTER YOUR PETS WHILE YOU ARE AWAY. I AM LOCATED IN THE WELTEVREDEN PARK AREA AND AM ABLE TO LOOK AFTER YOUR PETS FROM SURROUNDING AREAS. I HAVE ENCLOSED GARDE WHERE YOUR PETS CAN ROAM AND PLAY. YOUR PETS WILL BE TAKEN FOR WALKS AND KEPT HAPP THE DOGS ARE ALLOWED INDOORS AS WELL, SO THEY WILL ALWAYS BE WARM AND COMFY AT NIG YOUR PETS WILL BE GIVEN A SAFE, SECURE AND LOVING ENVIRONMENT WHILST THEY ARE WITH M I HAVE A MULTIPLE REFERENCES AND YOU ARE WELCOME TO DO AN INSPECTION TO ENSURE YO PRECIOUS PETS WILL BE HAPPY AND SAFE.

**PLEASE CONTACT ME: Ester Louw**
**084 331 2681**

## Korreksie oor Kollig

In *Die Louwtjie* van die derde kwartaal het ons verkeerdelik gesê geen leerlinge van LLG het deurgedring na die KOLLIG Showcase toe nie. Ons talentvolle leerders het wel daar opgetree. Jammer julle!

# Skeppende graad 7's

*Vier talentvolle graad 7's wat hulle merk met beeldende kuns, musiek en dans maak, het met* ***Die Louwtjie*** *gesels.*



## Vinnige vingers

Danru Pretorius speel al van graad 4 af trompet.

"Ek het die trompet gekies, omdat my pa ook trompet speel. My oupa het in Covid-tyd vir my 'n trompet gekoop," sê Danru, wie se pa hom leer speel.

"Trompet is nogal moeilik, omdat jy 'n lang asem moet hê en die instrument met jou lippe moet beheer," sê hy. "Die eerste keer toe ek 'n stuk voor ander mense moes speel, was nogal 'n hoogtepunt vir my."

Sy gunstelingstuk om op die trompet te speel, is *The Final Countdown* van Europe.

Hy speel ook die afgelope sewe maande viool by die Linden Musiekskool.

Danru het ook vanjaar aan Kollig-redenaars deelgeneem met 'n toespraak oor hoe min uithouvermoë kinders deesdae het.

"Ek gaan volgende jaar Hoërskool Linden toe en wil aanhou met musiek."

## 'In my eie wêreld as ek dans'

Wanneer die ballerina Carli Conradie dans, maak niks anders saak nie.

"Ek doen al ballet vandat ek drie jaar oud is. My eerste juffrou was Marietha du Preez, maar ek dans deesdae by Danica Gomes," sê sy.

"Dit is vir my wonderlik hoe ballet vryheid en kreatiwiteit aanmoedig, maar ook streng dissipline.

"Dit is vir my 'n unieke kunsvorm wat my leer om my hele liggaam te beheer.

"Jy werk en versterk elke spier in jou liggaam wanneer jy dans."

Een van die grootste uitdagings van ballet, is volgens Carli beserings.

"Jy kan jouself so erg beseer dat jy nooit weer kan of mag dans nie, maar ballet leer jou ook deursettingsvermoë, geduld, verantwoordelikheid en selfbeheersing."

Wanneer Carli dans, is sy in haar eie wêreld:

"Ek kan my kop leegmaak en van al my skoolwerk vergeet."

Die angstigheid net voor sy op die verhoog moet stap om te dans, is deel van die opwinding.

"Dit maak die ondervinding op die verhoog soveel beter!"

Haar mees opwindende dans-ervaring vanjaar, was toe sy deurgedring het na die Kollig-finaal.

Sy het ook deurgedring na die



Kollig Showcase, waar sy 'n gemiddeld van 89% behaal het.

Sy het vanjaar haar graad 5-ballet- eksamen deur die Royal Academy of Dance voltooi en aan die Kaleidoscope-fees deelgeneem.

"My gunsteling-ballet is *Swanemeer*. Ek wou nog altyd by die Johannesburgse Ballet-geselskap aansluit wanneer ek ouer is en dit is een van my grootste drome om eendag deel te wees van so 'n klassieke ballet-optrede."

Carli gaan volgende jaar na die Hoërskool Linden toe.

"Ek weet ek gaan aanhou ballet doen en dat ek hopelik in die toekoms werkwinkels kan bywoon vir meer ondervinding. Daar is verseker 'n plek vir ballet in my toekoms."

## Vinnige vingers



Ewan Griffioen is 'n pianis.

"Ek speel al klavier van graad R af by juffrou Joan Viljoen by die Linden Musiekskool," sê Ewan. "Dit is lekker om by haar klas by te woon."

Hy hou veral van klassieke musiek en sê dis moeilik om sy gunsteling stuk musiek te kies: "*Night Journey*, wat ek vir Kollig gespeel het, is een van my gunstelinge. Die komponis is Cornelius Gurlitt."

Ewan het dit baie geniet om vanjaar aan Kollig deel te neem.

"Ek het al geleer om kalm te bly wanneer ek voor baie mense optree," sê hy. "Daar was kinders wat beter gedoen het as ek in Showcase, maar ek het die gevoel ek het in elk geval baie goed gevaar."

Hy het onlangs sy graad 3-Trinity-eksamens voltooi.

"Klavier leer 'n mens om kop te hou omdat jy iets anders met die een hand as met die ander moet doen. Jou een hand moet byvoorbeeld die hele tyd rondskuif en die ander hand moet dieselfde wysie oor en oor speel."

Musiek was tot dusver 'n hoogtepunt van sy skoolloopbaan en wanneer hy volgende jaar na die Hoërskool Linden gaan, sal hy sy musiekstudies definitief voortsit.

## Kunstige Katya

Katya Coetzee was nog altyd lief daarvoor om kuns te doen, maar dit was eers tydens die Covid-inperking, toe sy in graad 4 was, wat kuns 'n stokperdjie geword het. Sy was vanjaar die enigste graad 7-leerder wat deurgedring het na die tweede rondte van Kollig Visuele Kunste en sy het 'n derde plek behaal.

"My gunsteling-medium is gouache, 'n soort verf met 'n soortgelyke tekstuur aan olieverf, maar wat geaktiveer word deur water. Dit is 'n baie interessante tegniek om te gebruik. Ek hou ook van waterverf – 'n verdunde weergawe van gouache, maar net so indrukwekkend. Met waterverf kan jy nie foute maak nie, jy kan dit net toeverf. Ek hou ook van enige potlode."

Sy sê dis moeilik om kuns te definieer, omdat almal kuns so anders sien.

"Maar as ek vir my kuns 'n styl moes gee, sou dit konseptuele kuns en foto-realisme wees," sê sy.

Sy het altyd juffrou Rosanne Ford se kunsklasse by die skool baie geniet.

"Juffrou Rosanne het altyd goeie verduidelikings en voorbeelde vir ons gewys en ons die nodige stappe gegee sodat ons weet hoe om 'n kunswerk aan te pak," sê sy.

Kuns het haar geleer dat jy jou tyd moet vat. "Mens kan nie 'n skildery of 'n prentjie aanjaag nie, want dit gaan slegter uitkom as wat jy gehoop het."

Kuns hou baie voordele in: "Dit bevorder jou





kreatiwiteit en algemene kunskennis," sê sy.

"Vincent van Gogh inspireer my. Ek waardeer die manier waarop hy so tydsaam en kreatief was en hoe hy blomme, horisonne en portrette uitgebeeld het."

Katya gaan volgende jaar na Hoërskool Linden, waar sy graag kuns as vak wil neem.

"Ek wil eendag 'n grafiese ontwerper of argitek word."

# Dear Diary… 'My best day in grade 7'




29 September 2023

Dear Diary

The best day in my grade 7 year was when we went on our grade 7 tour. The tour was five days long. My favourite day was day four. We went river rafting, played paint ball and did lots of group activities. My favourite activity was when Nina, Juno and I went river rafting. It was so much fun because they were shouting at each other and I was just sitting in the middle and couldn't stop laughing. Nina lost her new socks, but later on we found it. There was a rapid that went downhill and we were going very fast until we got stuck on a big rock. Nina had to come to the rescue. I couldn't stop laughing. We took a shortcut and went backwards – I thought we were going to crash! We got out and made jokes with each other the whole way back.

**Gabi Karg**



27 October 2023

Dear Diary

I was so excited for my first day of grade 7! I was finally going to have a grade 7 jacket. I have dreamt of getting one of those! I was also kind of nervous in some ways , but I stood strong. It was a lot of fun when we were allowed to sit on chairs during assembly. I was especially excited for the duties we had to do at breaktime – finally we are the leaders of this great school.

At the badge ceremony I was excited. All the students walked onto the stage one by one to receive their badges. Before we went up on stage we talked about being grade 7 leaders. I went on stage and saw all the grade 7 moms and dads cheering us on. It was amazing.

This was one of the greatest days during this wonderful grade 7 year.

**Danru Pretorius**

30 November 2023

Today was the best day of my grade 7 year! We went to Gold Reef City. All my friends went along, and we went all the rides together. We ate delicious food like pizzas, burgers and French fries and we had lots of cold drinks.

My favourite ride was the Anaconda - it was very fast.

There were also a lot of toys to buy. My favourite toy is a "Teck Deck". It is a skateboard, but very small.

We walked around for a bit and went on more rides and rollercoasters. It was a lot of fun and very scary at the same time but I hope to go there again soon.

**Nico Fourie**



11

September 2023

Dear Diary

Today we had our Spring Festival at school. Families could go to school and just enjoy the day. There were waterslides, food stalls and lots of other fun activities, but it was also extremely hot. It was the most fun I had ever had with my friends. We all gathered under an umbrella on the field and started planning what to do first.



Then we made our way to the waterslides. We must have gone down them about 20 times. I almost flew off once, but it was still fun. Then we went to the foam pit where we were covered from head to toe in bubbles. We finished the day with mini doughnuts. A photoshoot was the highlight of the whole day.

**Lumé Nel**



# Hoe sê ons totsiens?

*Dalk is jy in graad 7 en jy moet totsiens sê vir Louwtjies en sommige van jou maats; miskien moet jy jou gunsteling graad 2 juffrou groet, of dalk trek julle na 'n nuwe dorp toe. Om totsiens te sê is nie altyd maklik nie.* ***Nicah Clark*** *het raad.*


Die vooruitsig om die skoolklok die laaste keer te hoor lui, vir jou gunsteling juffrou totsiens te sê, of om of vir die laaste keer saam met jou beste vriende in die klas te sit, omdat julle na verskillende hoërskole gaan, kan nogal 'n mens se maag laat draai van vrees, onsekerheid of hartseer

Skielik besef jy dat alles wat vir so lank deel van jou lewe was, nou gaan verander en dat jy vriende, familie en onderwysers moet groet wat al so lank deel van jou lewe was. Dit voel sommer of ons iets vir altyd verloor.

'n Afskeid kan tog ook 'n kans wees om oor ons drome, toekoms en vriendskappe na te dink.

'n Ideale tyd om die maats of die van wie ons moet afskeid neem te vertel hoe belangrik hulle vir ons is, want dit is iets wat die meeste mense nie sommer elke dag doen nie.

Vertel daai goeie onderwyser wat hy vir jou beteken het, of sê vir jou vriende hoe lekker hulle jou skooldae gemaak het.




**Hennie Vorster, 'n opvoedkundige sielkundige by Die Habitat**, Louwtjies se welstandsentrum, sê dit kan help om met 'n volwassene te praat oor hoe jy voel. "Dit kan jou ouers, 'n onderwyser, die skoolsielkundige, of iemand anders wees wat jy vertrou," sê hy. "Wanneer jy praat oor hoe jy voel, help dit om dinge in perspektief te sien."

Vra jou ma of pa oor iets of iemand waarvoor hulle moeilik totsiens gesê het en vra hulle hoe hulle dit verwerk het.



Voel jou emosies, maar moenie vassit in die hartseer nie. As jy net daarop fokus dat jy iets of iemand moet groet, gaan jy dalk die lekker tye misloop wat julle nog in julle tyd saam kan hê.

Dis okei as jy nié hartseer is om totsiens te sê nie. Dalk is jy opgewonde oor 'n nuwe hoofstuk in jou lewe en glad nie hartseer om die laerskool te groet nie. Miskien is dit vir jou 'n verligting om iets nuuts te begin.

Benader afskeid met opgewondenheid want die einde van een fase van ons lewe, beteken die begin van 'n nuwe seisoen met nuwe avonture, vriende en moontlikhede.

(**Ekstra bronne: grownandflown.com; time.com**)

Afskeid en herinnering is soos vinkel en koljander. Hier is 'n paar praktiese maniere om herinneringe vas te vang:

- Wees dankbaar en **skryf 'n afskeidsbrief** vir jou maats of onderwysers wat 'n groot impak op jou lewe gehad het. Jy kan sommer vir jouself ook so 'n brief skryf.
  Om jou gevoelens op papier te sit, kan help om dit te verwerk.
- **Stel 'n doelwit** om maats wat dalk na 'n ander hoërskool toe gaan gereeld te ontmoet en om te kuier gedurende vakansies.
- **Maak saam 'n vriendskaps-armband, 'n foto-plakboek of 'n onthou-boks** waarin julle kosbare herinneringe soos briefies of foto's bêre, sodat julle daarna kan kyk as julle weer bymekaar kom of na mekaar verlang.

Well
FAMILY PRACTICE
Dr. Larisse Badenhorst
- General health conditions
- Women's health
- Men's health
- Children's health
- Aesthetics



Be well, Feel well, Age well
Hvh Lifestyle Centre, 59, 14th avenue, Northcliff | 011-706-7006 | reception@wellgp.co.za | www.wellgp.co.za

## Graad 7-afskeid














Klas van 2023

## Graad R-konsert










## Graad 7-opvoedkundige toer na Blyde Canyon in Mpumalanga













Graad 4-instappie: Chameleon Reptile Park van Hartebeespoortdam het by die skool kom kuier.



Robotika Olimpiade









Graad 6-Drakenstein-toer





**Intercare**
Leaders in Health

# Keeping your holiday stress free,
*we are available for your healthcare needs this festive season.*

**Scan to Book**



## Need a Doctor? Intercare Linden is open.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Fri, 15 Dec | 09:00 - 13:00 | Tue, 26 Dec | 09:00 - 13:00 |
| Sat, 16 Dec | 09:00 - 13:00 | 27 -29 Dec | 07:00 - 19:00 |
| Sun, 17 Dec | 09:00 - 13:00 | Sat, 30 Dec | 09:00 - 13:00 |
| 18-22 Dec | 07:00 - 19:00 | Sun, 31 Dec | 09:00 - 13:00 |
| Sat, 23 Dec | 08:00 - 17:00 | Mon, 1 Jan | Closed |
| Sun, 24 Dec | 09:00 - 13:00 | Tue, 2 Jan | 07:00 - 19:00 |
| Mon, 25 Dec | Closed | | |

www.intercare.co.za



Die o/11-krieketspan het die liga gewen.



Luca en Finn Human-Maré het sommer 'n paar medaljes gewen by die Dorfman Karate KWC-kampioenskap.



Die o/10-krieketspan het die semi-finaal van die liga gehaal.



Emma Kornelius het 'n goue medalje verower vir ritmiese gimnnastiek by die SA Gim Spele.


JGC GYMNASTICS RAISING THE BAR

Boys & Girls Welcome

@JGCFairland | @JGCGymnastics



Some of our accolades...

TOKYO 2020 · Varna · BIRMINGHAM 2022 · PARIS 2024



Join us for a free trial lesson and train in one of the best gymnastics facilities South Africa has to offer

*Fees start at only R600 per month*









**JGC Gymnastics**: Home of South Africa's **Olympic Gymnasts**

Ilse: +27 83 634 6164 | ilse@jgcgymnastics.co.za

## Steratleet-atletiekbyeenkoms













**Adverteer hier!**

Kontak Yolandie Jonker om in *Die Louwtjie* te adverteer: bemarking@llg.co.za.

**Kontak die skool**

011 782 5442
pos@llg.co.za

**Adres:**
Sewende Straat 64, Linden

Rubriek

# Gee dié toeskouer ook 'n medalje (of nog roomys)

**Anja Spangenberg**





***LLG-atlete by die Steratleetbyeenkoms.***

Die sweetdruppels rol teen my slape af en my oë brand van die sout soos wat ek oor die atletiekveld tuur op 'n snikhete Vrydagmiddag. Dis 'n perfekte dag vir ons skool se eerste **Steratleet Byeenkoms**.

Die pawiljoen is gepak met toeskouers: oupa's en ouma's, ma's en pa's, boeties en sussies... gespanne en geïrriteerd as gevolg van die hitte sit almal met koelhouers, gereed om die atlete te ondersteun. Daar is spanning in die lug soos almal hoop vir 'n medalje vir hul gunsteling. Net die klank van 'n koeldrankdoppie wat knak verlig die spanning.

Ek hou my sussies dop, beide nog klein en entoesiastiese atlete wat opwarm saam met **mnr. Jan van der Merwe, Louwtjies se nommer een-ateltiek-organiseerder**. Intussen hardloop die langasems rondte vir rondte met die son wat fel skyn. Veldatlete maak gereed aan die oorkant om die sandput met diep spore agter te laat. Die gewigstootbal lyk sommer lig wanneer die sterk atleet dit deur die lug stuur om 'n plek op die die podium te verseker. Louwtjies se **Mila Pearson seil oor die hoogspringlat** om amper nog 'n rekord te laat spat. Sy is immers die skool se eie Suid-Afrikaanse kampioen. My jongste sussie staan eerste by die wegspringplek, mens kan die spanning voel en soos die skoot klap is ék die een wat opspring en die hardste gil met die hoop dat sy dalk kan wen. Die skare skree en klap hande, my klein sussie het haar uitdun gewen!

Kort voor lank is my ander sussie gereed, op haar merke en hardloop ook 'n barshou. Op die wenstreep staan sy uitasem met haar hande op haar knieë en word gelukgewens deur haar beste maatjie wat net so 'n spoedvraat is. Sy is 'n baie goeielangafstand atleet.

Die ure gaan verby op dié vuurwarm dag.. By tye was dit vir my sielsdodend en ontsettend warm en **later het ek begin droom die pawiljoen verander nóú in 'n Olimpiese-swembad** en dat die een is wat in 'n gala swem. Die skoot van die afsitter ruk my uit my swembad-droom en besef ek skree vir my sussies in die finale lopies van hul items. Sommer gou-gou is my verveeldheid en drome iets van die verlede: die skare het my opgesweep en ek is weer 'n trotse Louwtjie en ouer sussie wat sien hoe silwer medaljes om hulle nekke skitterblink skyn. **My eie beloning? 'n Roomys en geselsies met my vriende**. Maar as iemand vir my gesê het die sproeiers is aan, sou ek die rekords laat spat het en eerste oor daai wenstreep wees.

Louwtjies se Steratleet-byeenkoms het vir niks geskrik nie en ons atlete het baie goed gevaar. En al was dit so warm, is ek baie bly dat ek as toeskouer kon deel wees van die aksie onder die (bietjie) skadu van die pawiljoen.

## Louwtjie ruiters



Minke Gerber en Emily Loubser het Gauteng-kleure verwerf tydens die nasionale skole-kampioenskap vir perdry in Oktober.



# Eerstespankapteins oor lesse op die sportveld



## Jeanri van Schalkwyk

**Eerstespan meisieshokkiekaptein**

"Dit was baie lekker om deel te wees van ons span, omdat almal so positief is en mekaar opbou.

Ek speel al sowat agt jaar hokkie - dis een van my gunstelingsportsoorte, omdat ek dit saam met my vriende kan speel.

Om kaptein te wees het my geleer hoe belangrik dit is om gemotiveerd te bly, maak nie saak hoe sleg dit gaan nie. Ek wil ook net dankie sê vir Suritha Viljoen, die ander kaptein, vir wie ek kon vrae vra as ek twyfel. Dit het my spanwerk geleer.

Ek is baie trots op ons Fairland game - dit was seker een van die beste dae ooit!

Juffrou Anri Coetser is die beste afrigter óóít. Dankie vir juffrou se energie, wat oefeninge altyd lekker gemaak het. En dat ons weet ons het altyd iemand om mee te praat."

## Dylan van Wyk

**Eerstespan seunshokkiekaptein**

"Ek speel nou al twee jaar hokkie en die lekkerste deel daarvan, is om saam met my maats te speel en om mekaar te help as iemand 'n fout maak.

Sport leer jou om in 'n span saam te werk en hoe om te kommunikeer.

Ons wedstryd teen Grey College was baie lekker - ons het baie goed teen hulle gespeel. Dankie juffrou Esri en juffrou Stephanie Liebenberg.

Ek sal graag op hoërskool wil aanhou hokkie speel."



## Liam Wilken

**Eerstespan krieket- én rugbykaptein**

"Ek speel al rugby vandat ek vyf is en my ma sê ek speel al met bal vandat ek gebore is. Ek het in graad R minikrieket begin speel. Krieket en rugby is só *fun*! Dis veral lekker om te wen. Die lekkerste van sport by Louwtjies, was om tyd deur te bring met my vriende en om vroeg uit die skool geroep te word vir wedstryde...



**Sport het my al 'n paar lesse geleer:**

- Moet nooit moed opgee nie, al is jou span ver agter.
- Onthou jy is 'n voorbeeld vir ander spelers en maats.
- Sport leer ons om vriende te wees met allerhande mense wat anders is as ons. Dit leer jou om aan te pas by vreemde situasies wat nie altyd lekker is nie.
- Dit leer my om hard te werk om sukses te behaal.

## Suritha Viljoen & Nina Els

**Eerstespan netbalkapteins (Suritha was ook die mede-kaptein van die hokkiespan)**

*Suritha*: "Ek het in graad 1 begin netbal speel en het dit van die begin af *gelove*! Ek was altyd so opgewonde as die netbal-seisoen begin het. Sport leer jou spanwerk. Dit leer jou om met jou maats te engage en te jol. Sport leer jou ook dat, selfs as jy kwaad is, jy moet aangaan. Die coach se besluite is wat saak maak om alles vir almal te laat uitwerk.

Juffrou Esri Strauss is die beste afrigter van my laerskoolloopbaan. Sy't ons span soveel gehelp en alles vir ons pret gemaak. Dit was so lekker om haar te terg, want dan



raak sy geïrriteerd en dan lag ons almal net. Ons span sou niks wees sonder haar nie! "

*Nina (onder-kaptein)*: "Ek speel al netbal van graad 1 af. Die hoogtepunt is spangees. Sport leer jou dat jy hard moet werk as jy iets wil bereik.

Iets wat ek nooit sal vergeet nie, is die netbal- en rugbytoer na Beaufort Wes, Bloemfontein en George vanjaar.

Ons span het vanjaar ons liga gewen en kon na die Gauteng-uitspele toe gaan. Daar het ons Trinitiy gewen - dit was 'n baie spanningsvolle wedstryd.

Juffrou Esri weet baie van netbal en is 'n baie goeie afrigter."